BUITENGEWONE

OFFISIËLE KOERANT
VAN SUIDWES-AFRIKA

OFFICIAL GAZETTE
EXTRAORDINARY
OF SOUTH WEST AFRICA

UITGAWE OP GESAG — PUBLISHED BY AUTHORITY

10c — Dinsdag 2 November 1976 — WINDHOEK — Tuesday 2 November 1976 — No. 3576

Die volgende Goewermentskennisgewing word vir algemene inligting gepubliseer.

H. P. F. GOUS,
Sekretaris van Suidwes-Afrika.

Kantoor van die Administrateur,
Windhoek.

GOEWERMENTSKENNISGEWING

DEPARTEMENT VAN HANDEL

No. R. 1974 — 22 Oktober 1976

WET OP DIE VERKRYGING VAN LANDSVOORRADE, 1970

VOORWAARDES MET BETREKKING TOT DIE BESKIKKING OOR OF DIE GEBRUIK VAN MOTORVOERTUIGBRANDSTOF

Ek, Jan Christiaan Heunis, Minister van Ekonomiese Sake, bepaal hierby kragtens artikels 2 en 6 van die Wet op die verkryging van Landsvoorrade, 1970 (Wet 89 van 1970), soos volg:

1. (1) In hierdie voorwaardes, tensy uit die samehang anders blyk, beteken—

"brandstof", met betrekking tot 'n motorvoertuig of -vaartuig, ook dieselolie, gas, petrol en enige ander stof wat as brandstof vir die werking van kompressie- of vonkontstekingsenjins gebruik kan word;

"dieselolie" ook 'n mengsel van dieselolie met enige ander stof, wat as brandstof vir die werking van kompressieontstekingsenjins gebruik kan word;

"gas" vloeibare petroleumgas wat as brandstof vir die werking van vonkontstekingsenjins gebruik kan word;

"groothandelverspreider" enigeen van die volgende maatskappye:

(a) B.P. Southern Africa (Pty) Limited;
(b) Caltex Oil (South Africa) (Pty) Limited;
(c) Esso Standard South Africa (Pty) Limited;
(d) Mobil Oil Southern Africa (Pty) Limited;
(e) Natal Cane By-Products Limited;
(f) Shell Oil South-West Africa Limited;
(g) Shell Oil South Africa (Pty) Limited;
(h) Sonarep (South Africa) (Pty) Limited;
(i) South African Torbanite Mining and Refining Company Ltd;
(j) Total South Africa (Pty) Limited;
(k) Sasol Marketing Company Limited;
(l) Trek-Petroleum (Pty) Limited;

"grootverbruiker", 'n persoon wat 'n sake-onderneming dryf en wat normaalweg petrol in hoeveelhede van 210 liter of meer, uitsluitlik vir produktiewe doeleindes, aankoop, en ook 'n bona fide-boer;

The following Government Notice is published for general information.

H. P. F. GOUS,
Secretary for South West Africa.

Administrator's Office,
Windhoek.

GOVERNMENT NOTICE

DEPARTMENT OF COMMERCE

No. R. 1974 — 22 October 1976

NATIONAL SUPPLIES PROCUREMENT ACT, 1970

CONDITIONS RELATING TO THE DISPOSAL OR USE OF MOTOR VEHICLE FUEL

I, Jan Christiaan Heunis, Minister of Economic Affairs, hereby, in terms of sections 2 and 6 of the National Supplies Procurement Act, 1970 (Act 89 of 1970), prescribe as follows:

1. (1) In these conditions, unless the context otherwise indicates—

"big consumer" means any person who carries on a business undertaking and who normally purchases petrol in quantities of 210 litres or more exclusively for productive purposes, and includes a *bona fide* farmer;

"bulk consumer" means any person who receives petrol exclusively for productive purposes into an underground tank direct from a wholesale distributor;

"Controller" means the Controller of Petroleum Products appointed under Government Notice R. 2203 of 16 November 1973;

"diesel oil" includes any mixture of diesel oil with any other substance, capable of being used as a fuel for the operation of compression ignition engines;

"fuel", in relation to a motor vehicle or vessel, includes diesel oil, gas, petrol and any other substance capable of being used as a fuel for the operation of compression or spark ignition engines;

"gas" means liquid petroleum gas capable of being used as a fuel for the operation of spark ignition engines;

"magistrate" means a magistrate in the Department of Justice of the Republic of South Africa and includes a magistrate in a Bantu Homeland and a Bantu Affairs Commissioner;

"permit" means—

(a) a petrol permit on Form H376 contemplated in paragraph 3, in terms of which authority is granted—

(i) to a big consumer of petrol to have in his possession or under his control a maximum quantity of 210 litres of petrol in a container or containers other than the tank of a motor vehicle or vessel; or

"herverkoper", met betrekking tot die verskaffing van petrol, iemand wat, hetsy hy volgens reëlings met 'n groothandelverspreider 'n petrolpomp in bedryf het of nie, petrol regstreeks van 'n groothandelverspreider bekom en dit in die loop van of as deel van die bedrywighede van 'n besigheid deur hom gedryf, verkoop;

"hierdie kennisgewing" ook enige wysiging van hierdie kennisgewing;

"Kontroleur" die Kontroleur van Petroleumprodukte wat by Goewermentskennisgewing R. 2203 van 16 November 1973 aangestel is;

"landdros" 'n landdros in die Departement van Justisie van die Republiek van Suid-Afrika en ook 'n magistraat in 'n Bantoetuisland en 'n Bantoesakekommissaris;

"massaverbruiker" iemand wat uitsluitlik vir produktiewe doeleindes petrol regstreeks van 'n groothandelverspreider in 'n ondergrondse tenk ontvang;

"permit"—

(a) 'n petrolpermit op Vorm H376 in paragraaf 3 beoog, waarkragtens magtiging verleen word—

(i) aan 'n grootverbruiker van petrol om in sy besit of onder sy beheer 'n maksimum hoeveelheid van 210 liter petrol in 'n ander houer of houers as die tenk van 'n motorvoertuig of -vaartuig te hê; en

(ii) aan 'n bepaalde herverkoper om aan die petrolpermithouer in (i) hierbo beoog, 'n maksimum hoeveelheid van 210 liter petrol op 'n keer in 'n ander houer of houers as die tenk van 'n motorvoertuig of -vaartuig te verskaf; of

(b) 'n brandstofpermit op Vorm H262 in paragraaf 3 beoog, waarkragtens magtiging verleen word—

(i) aan 'n bepaalde persoon om in sy besit of onder sy beheer 'n groter hoeveelheid petrol as 5 liter in 'n ander houer of houers as die tenk van 'n motorvoertuig of -vaartuig te hê: of

(ii) aan 'n bepaalde houer van 'n petrolpermit op Vorm H376 uitgereik soos in paragraaf (a) hierbo beoog, om in sy besit of onder sy beheer 'n groter hoeveelheid petrol as 210 liter in 'n ander houer of houers as die tenk van 'n motorvoertuig of -vaartuig te hê; en

(iii) aan 'n bepaalde herverkoper om aan 'n permithouer in subparagraaf (i) of (ii) van hierdie paragraaf beoog, die hoeveelheid petrol bo 5 liter of 210 liter, na gelang van die geval, te verskaf wat in die betrokke permit op Vorm H262 wat aan hom uitgereik is, aangedui is;

"petrol" ook 'n mengsel van petrol met enige ander stof, wat as brandstof vir die werking van vonkontstekingsenjins gebruik kan word, maar nie brandstof vir gebruik vir die werking van die enjin van 'n lugvaartuig nie;

"tenk", met betrekking tot motorvoertuig of -vaartuig, die tenk wat aan die motorvoertuig of -vaartuig aangebring is en wat—

(a) die oorspronklike tenk is wat die vervaardiger aan die motorvoertuig of -vaartuig aangebring het; of

(b) volgens die oorspronklike inhoudspesifikasie van die vervaardiger is; of

(c) by ontstentenis van genoemde spesifikasie, in die geval van 'n motorvoertuig gebou of aangepas uitsluitlik of hoofsaaklik vir die vervoer van persone en ontwerp met sitplekke vir hoogstens nege persone of van 'n motorvaartuig wat deur een of meer buiteboordmotore aangedryf word, op geen tydstip meer as 80 liter petrol, en, in die geval van enige ander motorvoertuig of 'n motorvaartuig wat deur een of meer binneboordmotore aangedryf word, op geen tydstip meer as 200 liter petrol bevat nie.

(ii) to any specified reseller to supply the petrol permit holder contemplated in (i) above with a maximum quantity of 210 litres of petrol at a time in a container or containers other than the tank of a motor vehicle or vessel; or

(b) a fuel permit on Form H262 contemplated in paragraph 3, in terms of which authority is granted—

(i) to a specified person to have in his possession or under his control a larger quantity of petrol than 5 litres in a container or containers other than the tank of a motor vehicle or vessel; or

(ii) to a specified holder of a petrol permit on Form H376 issued as contemplated in paragraph (a) above, to have in his possession or under his control a larger quantity of petrol than 210 litres in a container or containers other than the tank of a motor vehicle or vessel; and

(iii) to a specified reseller to supply a permit holder contemplated in subparagraph (i) or (ii) of this paragraph with such quantity of petrol in excess of 5 litres or 210 litres, as the case may be, as is specified in the relevant permit on Form H262 issued to him;

"petrol" includes any mixture of petrol with any other substance, capable of being used as a fuel in the operation of spark ignition engines, but does not include fuel for use in the operation of the engine of an aircraft;

"reseller", in relation to the supply of petrol, means any person who, whether he operates a petrol pump by arrangement with a wholesale distributor or not, obtains petrol direct from a wholesale distributor and sells it in the course of or as part of the activities of a business carried on by him;

"tank", in relation to a motor vehicle or vessel, means the tank which is fitted to the motor vehicle or vessel and which—

(a) is the original tank fitted by the manufacturer to the motor vehicle or vessel; or

(b) is in accordance with the original content specification of the manufacturer; or

(c) in the absence of such specification, at no time contains, in the case of a motor vehicle constructed or adapted solely or mainly for the carriage of persons and designed to seat not more than nine persons or of a motor vessel propelled by one or more outboard engines, more than 80 litres of petrol and, in the case of any other motor vehicle or any motor vessel propelled by one or more inboard engines, more than 200 litres of petrol;

"this notice" includes any amendment of this notice;

"wholesale distributor" means any one of the following companies:

(a) B.P. Southern Africa (Pty) Limited;

(b) Caltex Oil (South Africa) (Pty) Limited;

(c) Esso Standard South Africa (Pty) Limited;

(d) Mobil Oil Southern Africa (Pty) Limited;

(e) Natal Cane By-Products Limited;

(f) Shell Oil South-West Africa Limited ;

(g) Shell Oil South Africa (Pty) Limited;

(h) Sonarep (South Africa) (Pty) Limited ;

(i) South African Torbanite Mining and Refining Company Ltd;

(j) Total South Africa (Pty) Limited;

(k) Sasol Marketing Company Limited;

(l) Trek-Petroleum (Pty) Limited.

(2) Die vorms wat in hierdie kennisgewing deur nommers aangedui word, is die vorms wat onder daardie nommers in die Bylaes hiervan uiteengesit word.

2. (1) Behoudens die bepalings van hierdie kennisgewing—

(a) mag geen herverkoper te eniger tyd in verband met die verkoop van petrol enige bykomende betaling van kopers van petrol bo en behalwe die prys waarteen sodanige herverkoper petrol normaalweg verkoop, vereis nie;

(b) mag niemand petrol verkoop of op enige ander wyse teen vergoeding daaroor beskik nie op 'n ander tyd as—

(i) tussen 06h00 en 18h00 op enige Maandag, Dinsdag, Woensdag of Donderdag; en

(ii) tussen 06h00 en 12h00 op enige Vrydag; en

(iii) in die distrikte genoem in Bylae A van die Wet op die Status van die Transkei, 1976 (Wet 100 van 1976), ook tussen 12h00 en 18h00 op 22 Oktober 1976 en tussen 06h00 en 18h00 op 23 en 24 Oktober 1976.

(2) Die bepalings van subparagraaf (1) word nie so uitgelê dat dit die verskaffing van petrol teen vergoeding regstreeks in die tenk van 'n motorvoertuig of -vaartuig verbied nie indien die petrol deur 'n herverkoper deur middel van 'n petrolpomp verskaf word—

(a) in 'n hoeveelheid van hoogstens 80 liter, aan die bestuurder van 'n taxi tussen 16h00 en 18h00 op enige Vrydag of Saterdag op sy spesiale versoek aan die herverkoper; of

(b) op enige tyd buite die ure voorgeskryf in paragraaf 2 (1) (b) (i) en (ii) aan 'n verbruiker van petrol in een van die volgende kategorieë op sy spesiale versoek:

(i) 'n Geneesheer;

(ii) 'n veearts;

(iii) 'n ambulansdiens;

(iv) 'n bloedoortappingsdiens;

(v) 'n polisiebeampte, soos omskryf in artikel 1 van die Strafproseswet, 1955 (Wet 56 van 1955);

(vi) 'n verkeersbeampte in diens van 'n provinsie, die Administrasie van Suidwes-Afrika of 'n plaaslike owerheid;

(vii) 'n persoon wat petrol ontvang ooreenkomstig 'n magtiging kragtens subparagraaf (11) of (12) verleen.

(3) Wanneer petrol kragtens subparagraaf (2) (a) verskaf word, moet die persoon wat die petrol ontvang, ten tyde van die verskaffing van die petrol self die datum van die verskaffing, die registrasieletters en -nommer van die motorvoertuig in die tenk waarvan die petrol gelewer word, sy naam en adres en ook die datum en nommer van die motortransportsertifikaat toegestaan kragtens die Motortransportwet, 1930 (Wet 39 van 1930), in 'n boek aanteken wat deur die betrokke herverkoper verskaf en gehou moet word.

(4) Die inligting in subparagraaf (3) bedoel, moet op 'n afsonderlike bladsy ten opsigte van elke bepaalde Vrydag of Saterdag aangeteken word.

(5) 'n Herverkoper moet die volgende verdere inligting in die boek bedoel in subparagraaf (3) aanteken in verband met—

(a) elke transaksie op elke bepaalde Vrydag of Saterdag waarop; en

(b) elke petrolpomp deur middel waarvan;

petrol kragtens subparagraaf (2) (a) verskaf word:

(i) Die datum van sodanige Vrydag of Saterdag, bo-aan die bladsy;

(ii) die aflesing op die meter van sodanige petrolpomp soos om 16h00 en soos om 18h00 op sodanige Vrydag of Saterdag;

(2) The forms referred to by numbers in this notice are the forms set out under those numbers in the Schedules hereto.

2. (1) Subject to the provisions of this notice—

(a) no reseller shall at any time in connection with the sale of petrol require any additional payment from buyers of petrol other than the price at which such reseller normally sells petrol;

(b) no person shall sell or in any other way dispose of petrol for a consideration at any time other than—

(i) between 06h00 to 18h00 on any Monday, Tuesday, Wednesday or Thursday; and

(ii) between 06h00 to 12h00 on any Friday; and

(iii) in the districts mentioned in Schedule A to the Status of the Transkei Act, 1976 (Act 100 of 1976), also between 12h00 and 18h00 on 22 October 1976, and between 06h00 and 18h00 on 23 and 24 October 1976.

(2) The provisions of subparagraph (1) shall not be construed as prohibiting the supply of petrol for a consideration direct into the tank of a motor vehicle or vessel if the petrol is supplied by a reseller by means of a petrol pump—

(a) in a quantity of not more than 80 litres to the driver of a taxi between 16h00 and 18h00 on any Friday or Saturday at his special request to the reseller; or

(b) at any other time outside the hours prescribed in subparagraphs 2 (1) (b) (i) and (ii) to a consumer of petrol in one of the following categories at his special request:

(i) A medical practitioner;

(ii) a veterinary surgeon;

(iii) an ambulance service;

(iv) a blood transfusion service;

(v) a police officer, as defined in section 1 of the Criminal Procedure Act, 1955 (Act 56 of 1955);

(vi) a traffic officer in the employment of a province, the Administration of South-West Africa or a local authority;

(vii) any person who receives petrol in accordance with an authority granted in terms of subparagraph (11) or (12).

(3) When petrol is supplied under subparagraph (2) (a) the person who receives the petrol shall, at the time of the supply of the petrol, himself record the date of supply, the registration letters and number of the motor vehicle into the tank of which the petrol is delivered, his name and address and also the date and number of the motor carrier certificate granted under the Motor Carrier Transportation Act, 1930 (Act 39 of 1930), in a book which shall be provided and kept by the reseller concerned.

(4) The information referred to in subparagraph (3) shall be recorded on a separate page in respect of each particular Friday or Saturday.

(5) A reseller shall record the following further information in the book referred to in subparagraph (3) in connection with—

(a) each transaction on each particular Friday or Saturday upon which; and

(b) each petrol pump by means of which;

petrol is supplied under subparagraph (2) (a):

(i) The date of any such Friday or Saturday, at the top of the page;

(ii) the reading on the meter of any such petrol pump as at 16h00 and as at 18h00 on such Friday or Saturday;

(iii) die groottotaal van die hoeveelhede petrol, volgens sodanige aflesings, vanaf 16h00 tot 18h00 op sodanige Vrydag of Saterdag kragtens subparagraaf (2) (a) verskaf;

(iv) die hoeveelheid petrol wat aan die bestuurder van enige bepaalde taxi verskaf is en die groottotaal van sodanige hoeveelhede;

(v) die groottotaal van die hoeveelhede petrol wat kragtens subparagraaf (2) (a) vanaf 16h00 tot 18h00 op sodanige Vrydag of Saterdag verskaf is; en

(vi) die som van die groottotale in (iv) en (v) hierbo bedoel.

(6) Die betrokke herverkoper moet die inskrywings op die bladsy in subparagraaf (5) bedoel, ten opsigte van 'n bepaalde Vrydag of Saterdag nie later nie as 22h00 op die betrokke Vrydag of Saterdag invul.

(7) Wanneer petrol kragtens subparagraaf (2) (b) verskaf word, moet die persoon wat die petrol ontvang, ten tyde van die verskaffing van die petrol self die tyd en datum van verskaffing, die registrasieletters en -nommer van die motorvoertuig in die tenk waarvan die petrol gelewer word, die hoeveelheid petrol aan hom verskaf, sy naam en woonadres en besonderhede van die reis of doel waarvoor die petrol nodig is, in 'n boek aanteken wat deur die herverkoper verskaf en gehou moet word, en sy handtekening teenoor die inskrywing in die boek aanbring.

(8) 'n Herverkoper moet afsonderlike boeke verskaf en hou ten opsigte van die petrol wat kragtens subparagraaf (2) (a) of (b) verskaf word.

(9) Niemand mag valse of onjuiste inligting in 'n boek bedoel in subparagraaf (3) of (7) aanteken nie.

(10) Niemand mag petrol uit die tenk van 'n motorvoertuig of -vaartuig in die tenk van enige ander motorvoertuig of -vaartuig of in 'n ander houer oorplaas nie.

(11) 'n Landdros word hierby gemagtig om aan 'n bepaalde persoon skriftelike magtiging te verleen om op enige tyd buite die ure voorgeskryf in paragraaf (2) (1) (b) (i) en (ii) petrol te ontvang, en om aan 'n herverkoper skriftelike magtiging te verleen om petrol aan die bedoelde persoon te verskaf, indien dit na die oordeel van die landdros noodsaaklik is dat die betrokke persoon 'n bepaalde reis moet onderneem in verband met dood of ernstige siekte of ander ernstige noodgeval of in landsbelang op enige tyd buite die ure voorgeskryf in paragraaf 2 (1) (b) (i) en (ii), en om wanneer sodanige magtiging verleen word, sodanige voorwaardes op te lê as wat hy dienstig ag.

(12) Gedurende geslote ure van landdroskantore of waar en wanneer 'n landdros nie beskikbaar is nie, word 'n lid van die Suid-Afrikaanse Polisie in bevel van 'n polisiestasie, of, tydens sy afwesigheid, die senior beampte in bevel van sodanige polisiestasie, hierby gemagtig om aan 'n bepaalde persoon skriftelike magtiging te verleen om op enige tyd buite die ure voorgeskryf in paragraaf 2 (1) (b) (i) en (ii) petrol te ontvang, en om aan 'n herverkoper skriftelike magtiging te verleen om petrol aan bedoelde persoon vir 'n bepaalde reis te verskaf indien dit, na die oordeel van sodanige lid of senior beampte, noodsaaklik is dat die betrokke persoon daardie reis moet onderneem in verband met dood of ernstige siekte of 'n ander ernstige noodgeval of in landsbelang, en om, wanneer sodanige magtiging verleen word, sodanige voorwaardes op te lê as wat hy dienstig ag.

3. (1) 'n Grootverbruiker van petrol mag nie, behalwe kragtens 'n permit op Vorm H376, 'n groter hoeveelheid petrol as 5 liter, of, behalwe kragtens 'n permit op Vorm H262, 'n groter hoeveelheid petrol as 210 liter, in 'n ander houer of houers as die tenk van 'n motorvoertuig of -vaartuig, in sy besit of onder sy beheer hê nie.

(iii) the aggregate of the quantities of petrol, according to such readings, supplied under subparagraph (2) (a) from 16h00 to 18h00 on such Friday or Saturday;

(iv) the quantity of petrol supplied to the driver of any particular taxi and the aggregate of all such quantities;

(v) the aggregate of the quantities of petrol supplied under subparagraph (2) (a) from 16h00 to 18h00 on such Friday or Saturday; and

(vi) the sum of the aggregates referred to in (iv) and (v) above.

(6) The reseller concerned shall complete the entries on the page referred to in subparagraph (5) in respect of any particular Friday or Saturday not later than 22h00 on the Friday or Saturday in question.

(7) When petrol is supplied under subparagraph (2) (b), the person who receives the petrol shall, at the time of the supply of the petrol, himself record the time and date of supply, the registration letters and number of the motor vehicle into the tank of which the petrol is delivered, the quantity of petrol supplied to him, his name and residential address and particulars of the journey or purpose for which the petrol is required in a book which shall be provided and kept by the reseller, and shall place his signature against the entry in the book.

(8) A reseller shall provide and keep separate books in respect of petrol supplied under subparagraph (2) (a) or (b).

(9) No person shall record false or incorrect information in any book referred to in subparagraph (3) or (7).

(10) No person shall transfer any petrol from the tank of any motor vehicle or vessel into the tank of any other motor vehicle or vessel or into any other container.

(11) Any magistrate is hereby authorised to grant written authority to a specified person to receive petrol at any time outside the hours prescribed in paragraph 2 (1) (b) (i) and (ii) and to grant written authority to a reseller to supply petrol to the said person if, in the opinion of the magistrate, it is necessary that the person concerned should undertake a specific journey in connection with death or serious illness or other serious emergency or in the national interest at any time outside the hours prescribed in paragraph 2 (1) (b) (i) and (ii) and, when any such authority is granted, to impose such conditions as he may deem expedient.

(12) During closed hours of magistrates' offices or where and when a magistrate is not available, a member of the South African Police in charge of a police station, or in his absence the senior official in charge of such police station, is hereby authorised to grant written authority to a specified person to receive petrol at any time outside the hours prescribed in paragraph 2 (1) (b) (i) and (ii), and to grant written authority to a reseller to supply petrol to the said person for a specific journey if, in the opinion of such member or senior official, it is necessary that the person concerned should undertake that journey in connection with death or serious illness or any other serious emergency or in the national interest, and, when any such authority is granted, to impose such conditions as he may deem expedient.

3. (1) A big consumer of petrol shall not, except under the authority of a permit on Form H376, have a larger quantity of petrol than 5 litres, or, except under the authority of a permit on Form H262, have a larger quantity of petrol than 210 litres, in his possession or under his control in a container or containers other than the tank of a motor vehicle or vessel.

(2) Behalwe kragtens 'n permit of kragtens skriftelike magtiging ingevolge paragraaf 2 (11) of (12) verleen, en behoudens enige tersaaklike voorwaarde—

(a) mag niemand 'n groter hoeveelheid petrol as 5 liter in sy besit of onder sy beheer in 'n ander houer of houers as die tenk van 'n motorvoertuig of -vaartuig hê nie;

(b) mag niemand petrol in 'n ander houer of houers as die tenk van die motorvoertuig of -vaartuig vervoer nie;

(c) mag niemand petrol uit sodanige houer in die tenk van 'n motorvoertuig of -vaartuig oorplaas nie:

Met dien verstande dat—

(aa) iemand petrol wat hy kragtens die bepalings van hierdie kennisgewing in 'n ander houer as die tenk van die motorvoertuig of -vaartuig in sy besit of onder sy beheer kan hê, vanaf die perseel van die verskaffer van sodanige petrol oor die kortste of die normale roete na die permanente verblyfplek, sakeperseel, plaas of kleinhoewe van sodanige persoon kan vervoer;

(bb) waar 'n motorvoertuig se petrol opgeraak het, 'n herverkoper van petrol, gedurende die verkoopsure voorgeskryf in paragraaf 2 (1) (b), die hoeveelheid petrol wat nodig is om daardie motorvoertuig vanaf die punt waar die petrol opgeraak het tot op die perseel van 'n herverkoper aan te dryf, in 'n houer kan verskaf, en enigiemand sodanige petrol in 'n houer vanaf die perseel van die herverkoper tot by die betrokke motorvoertuig kan vervoer en sodanige petrol uit die houer in die tenk van daardie motorvoertuig kan oorplaas;

(cc) geen permit vereis word nie ten opsigte van enige petrol vervoer deur, in die besit of onder die beheer van—

(i) 'n raffinadery wat petrol produseer; of

(ii) 'n groothandelverspreider; of

(iii) 'n herverkoper; of

(iv) 'n massaverbruiker, as die petrol in 'n ondergrondse tenk is; of

(v) 'n vervoerkontrakteur wat die petrol na 'n herverkoper of verbruiker vervoer.

(dd) iemand wat kragtens 'n permit petrol in sy besit of onder sy beheer het in 'n ander houer as die tenk van 'n motorvoertuig of -vaartuig, met daardie petrol op enige wyse kan handel wat vir die doeleindes waarvoor die betrokke permit uitgereik is, nodig is.

(3) (a) Geen herverkoper wat petrol aan iemand verskaf kragtens 'n permit of kragtens skriftelike magtiging ingevolge paragraaf 2 (11) of (12) verleen, mag petrol aan daardie persoon in 'n groter hoeveelheid as die hoeveelheid gespesifiseer in sodanige permit of skriftelike magtiging, in 'n ander houer of houers as die tenk van 'n motorvoertuig of -vaartuig of anders as ooreenkomstig enige tersaaklike voorwaarde verskaf nie.

(b) Wanneer 'n herverkoper petrol kragtens magtiging van 'n permit op Vorm H262 aan iemand verskaf, moet die herverkoper die hoeveelheid petrol verskaf op die permithouer se gedeelte van die permit aanteken en die herverkoper se magtigingsgedeelte van die permit invul, afskeur en vir 'n tydperk van ses maande in veilige bewaring hou.

(4) Behoudens enige opdrag tot die teendeel deur of op gesag van die Kontroleur uitgereik, moet 'n aansoek om 'n permit by 'n landdros ingedien word.

(2) Save under the authority of a permit or under written authority granted in terms of paragraph 2 (11) or (12), and subject to any relevant condition—

(a) no person shall have in his possession or under his control a larger quantity of petrol than 5 litres in a container or containers other than the tank of a motor vehicle or vessel;

(b) no person shall transport petrol in a container other than the tank of the motor vehicle or vessel;

(c) no person shall transfer petrol from such a container into the tank of a motor vehicle or vessel:

Provided that—

